



## TOULEIER



## Ek is vry, maar ook nie vry nie

In die vorige vier uitgawes het ek vertel van my nag van aanhouding hier in Doha. Dit nadat ek 'n pakkie vanaf SA waarin daar 2 pakkies Syndol was, gaan afhaal het. Hulle was verpak binne in 'n paar ou skoene van my. Dansskoene wat ek laat kom het vir ons rit op die Queen Mary. **Lees nou verder.**

**"E**k behoort jou eintlik te laat toesluit totdat ons die pille vir kodieën getoets het," sê die aanklaer uiteindelik. "Maar, die feit dat jy geen rekord van oortredings het nie, tel vir jou. Ek gaan jou laat gaan, vir nou."

Hy leun vorentoe, "Ek raai jou egter aan om jou dokter te kry om 'n verslag te skryf waarin hy bevestig jy het ekstra sterk pynpille nodig en hoekom." Hy kyk my stip in die oë. "Kry ook ook maar intussen vir jou 'n goeie advokaat vir as ons besluit om jou aan te kla."

Terug in die wagkamer is die oorspronklike twee wagte weg. Die ander gevangenes ook. Daar is 'n heel ander mannetjie wat my beduie om saam met hom te gaan.

"Kan ek nie nou maar net huis toe gaan nie?" vra ek hom in Engels. Hy verstaan nie. Beduie net ek moet saamstap. Teësinnig klim ek saam met hom in sy motor. Weer ry ons terug na die dwelmafdeling toe. Dié keer stop ons direk voor die tronkgebou. Iets is nie plus nie.

Hy neem my binne en oorhandig my aan een van die tronkbewaarders. Die druk 'n knoppie en swaar traliehekke skuif oop voor my. Hy beduie ek moet ingaan en daar eenkant op 'n bankie sit. Die hekke skuif weer toe agter my. Dis 'n soort wagarea tussen twee stalle traliehekke. Agter die tweede stel hekke sien ek wat lyk soos 'n eetsaal met vlekvrystaal tafels en rye sitplekke. 'n Prisonier in 'n gevangenis pak vee traag tussen die tafels met 'n besem. Dinge lyk nie goed nie. Hier is iets verkeerd aan die gang.

Ná twintig minute se sit en wonder haal ek my selfoon uit. Daar is skaars 'n strepie krag oor. Terwyl ek 'n boodskap insleutel vir Annabelle, kom 'n bewaarder in. "Wat maak jy nog steeds met jou selfoon?" wil hy kwaad weet. "Gee hier!" Hy vat die selfoon. "Neem jy enige daaglikse medikasie?" is sy volgende vraag.

"Ja, hoekom?" antwoord ek huiwerig. "Het jy iemand wat dit vir jou kan bring?" My moed sak tot in my skoene. Hulle gaan my wragtig steeds toesluit! Dit nadat die aanklaer gesê het ek kan maar gaan!

"Wag 'n bietjie, hier is iets verkeerd hier," pleit ek met die man. "Ek is veronderstel om vrygelaat te word" My pleidooi val op dooie ore.

Verslae kyk ek die man aan. Nou wat nou? Hoe gaan ek ooit hier uitkom? Die verskeie moontlike scenario's maal deur my gedagtes. Almal nagmerries.

Dan kom daar 'n offisier binne en raak in Arabies met die bewaarder betrokke. Hulle beduie om die beurt na my. Die gesprek raak heftig. Uiteindelik wink die offisier vir my om saam met hom te stap. Die hekke skuif weer oop. Die stowwerige warm wit daglig van Doha was nog nooit so welkom nie.

'n Uur later, nadat ek nog papiere geteken het, stap ek deur die groot hekke na buite waar Annabelle en Christo vir my wag. Hulle het sommer met twee motors gekom, net om seker te maak.

Ek is weer 'n vry man. Vir nou. Dit kon so maklik anders verloop het. Ek voel weer 'n hoofpyn aan die kom.

"Het iemand nie dalk vir my 'n Syndol of twee nie?"

**Hennie Greeff**

Doha, Katar

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**

# Om die kampvuur

## Slimstories

Sonder om te tegnies te raak: Alkohol is ook 'n oplossing.

Ek moet ophou sê: "Hoe dom kan jy wees!" Te veel mense beskou dit as 'n uitdaging.

Mense wat sê daar is nie iets soos 'n simpel vraag nie het nog nooit by 'n kliëntediensoonbank gewerk nie.

Ek haat dit as mense sê hulle het hy skoonheidslapie nodig. Hulle moet liever hiberneer.

My kar se toeter klink nou soos geweerskote. Julle moet sien hoe vinnig gee die mense pad!

**HET JY GEWEET?** Wanneer 'n manlike pikkewyn op 'n wyfie verlief raak, soek hy die hele strand deur om die perfekte speelklippie vir haar te vind.



**As sy dit neem, plaas sy dit in haar nes as teken dat sy hom as maat aanvaar het. Pikkewyne hou hul maats lewenslank.**

## POLITICI (Ingestuur deur Christo van Wyk)

Ons hang sakkerollers en grypdiewe en plaas die groot diewe in die parlement.

~ Aesop, Griekse fabelskrywer.

Hulle wat te slim is om by politiek betrokke te raak word gestraf deur regeer te word deur dié wat dommer is.

~ Plato, Antieke Griekse filosoof.

## Die herkoms van ons gesegdes (10)

**Kafdraf, kafloop:** Iemand (iets) kafdraf (kafloop) (iemand verslaan, wen; die onderspit laat delf)

'n Verwysing na die ou manier van graan dors deur byvoorbeeld perde op die dorsvloer te laat draf of loop totdat die korrels uit is en net die kaf oorbly.

**Kajuitraad:** Kajuitraad hou (beraadslaag; oorlogsplanne beraam)

Uit die skeepvaart: Dié beraadslaging het vroeër gewoonlik in die kajuit van 'n gesagvoerder soos die admiraal ter see plaasgevind.

**Kalant:** 'n Ou kalant (lank in die land) ('n skelm, geslepe persoon)

In Middelnederlands het kalant ongeveer dieselfde betekenis as ons klant gehad, dit wil sê iemand wat sy winkelware by 'n bepaalde persoon koop. Daaruit het 'n bybetekenis van "listig" ontwikkel, wat in Afrikaans versterk is met die byvoeging van ou. In sekere Nederlandse dialekte beteken kalant ook "geslepe persoon".

**Kant:** Kant en klaar wees (heeltemal gereed wees)

Kant beteken oorspronklik "netjies"; vandaar ook aan die kant maak "netjies maak".

**Kierang:** Jou kierang(kies) sal braai (Jou oneerlikheid sal bekend word):

Die bronne is dit eens dat kierang uit Maleis kom, maar die vorm in dié taal word gedebatteer. D.F. Malherbe aanvaar tjóran en tjoerian soos in barang tjoerian wat "gesteelde goed" beteken. C. Pettman in sy Africanderisms skryf dit ook toe aan 'n Maleise werkwoord kurang wat "gebrekkig" beteken. Hy sê dan dat dit aan die Kaap as 'n bywoord gebruik word met die betekenis "onregverdig". Ander bronne bied koerang aan wat onder andere "oneerlik" beteken, maar hoekom dit sal braai, weet nugter.

# Die boer, die bakker en die skaal



Daar was 'n boer wat daaglik aan die bakker een pond botter gelewer he, wat hy gebruik vir sy brode wat hy bak.

Op 'n dag besluit die bakker om die botter te weeg om seker te maak dat die boer wel een pond botter aan hom voorsien. Hy het gevind dat die botter minder as een pond weeg. Hy was briesend omdat die boer hom ingeloop het met die gewig van die botter en het hom voor die hof gedaag.

Die regter vra die boer of hy 'n skaal het wat hy gebruik. Die boer antwoord: "Agbare regter, ek boer baie primitief en het nie 'n skaal wat die gewig van die produk aandui soos die nuwerwetse skale wat die bakker gebruik nie, maar ek het 'n ou weegskaal waar jy die produk aan die een kant in die bak sit en aan die anderkant plaas jy 'n spesifieke gewig en kyk dat die twee balanseer."

Die regter vra: "Nou hoe presies bepaal jy die gewig van die botter wat jy verkoop, wat is jou teengewig wat jy gebruik?"

Die boer antwoord: "Agbare regter, lank voordat die bakker botter by my begin koop het, het ek gereeld 'n een pond brood by hom gekoop.

"Toe die bakker by my begin botter koop het ek sy een pond brood aan die een kant van die skaal geplaas en dieselfde gewig aan die ander kant afgeweg vir hom. Ek het aanvaar dat sy gewig van die brood korrek sal wees en het nie doelbewus die gewig van die botter minder gemaak nie. Die persoon wat hier te blameer is, is die bakker."

Ons word gemeet met die maatstok waarmee ons ander meet.



# Die blou budjie

Die outjie hoor 'n oom verkoop budjies. Hy suiker af na die oom en vra wat vra hy per budjie. "Vyf rand," sê die oom.

"Ek wil asseblief daai bloue hê, Oom."

"Luister, Boet, die hele hok is vol budjies en almal is R5. Ek gaan nie die bloue probeer vang nie. Jy sal maar die eerste een wat ek vang moet vat."

Die outjie hou aan hy wil die bloue hê. Hy sien die oom begin hom vererg en sê:

"Ek sal oom betaal wat my pa vir 'n skaap betaal."

Baie vinnig gryp die oom sy vangnet en met 'n groot gesukkel vang hy die bloue. In die proses skryf hy 'n paar ander budjies af. Hy sit die budjie in 'n papiersakkie met gaatjies en gee vir die outjie.

"Hoeveel betaal jou pa vir 'n skaap?"

"Hy betaal R35 per kilogram, Oom. Sal Oom asseblief die budjie weeg?"

**Die ou soek en soek na sy bal op die gholfbaan.**

**Ná 'n ruk kom 'n maat hom help.**

**"Is dit 'n nuwe bal?" vra hy.**

**"Ja," sê die ou. "Hy is nog amper nie eers raakgeslaan nie."**

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)

## TE VEEL MOEITE

Boer aan sy vrou: "As jy so buk, is jy so breed soos my stroper." Die aand soek hy 'n knippie. Sy vra: "Moet ek die moerse stroper *start* vir so 'n klein mielietjie?"

Advokaat: "Was jy by toe die foto van jou geneem is?"  
Beskuldigde: "Jy speel seker?"



## VLEIS

Op Potchefstroom was daar glo toentertyd 'n baie bekende dominee Worst.

Op 'n dag keer 'n verkeersman hom voor vir vinnig ry, en die dominee is baie ontsteld.

"Jong man, weet jy wie ek is? Ek is Worst van Potchefstroom!"

Seg die Spietkop toe glo: "Ek gee nie om of jy polonie van Benoni is nie, jy't te vinnig gery en hier's jou kaartjie!"

## TYDELIK

My vrou was twee uur lank in die skoonheidsalon. Dit was net vir die kwotasie. Sy het die volgende dag teruggegaan en baie goed gelyk toe sy weer by die huis kom. Dit het twee dae lank gehou, toe val die modder af.

## DUUR VERRASSING

"Skattie, het jy alo ooit 'n opgefroamelde twintigrandnoot gesien?" vra die vrou.

"Nee," sê haar man.

Sy gee hom so 'n seksie kykie en trek stadig 'n gefroamelde R20 noot tussen haar borste uit.

"Skattie, het jy alo ooit 'n opgefroamelde vyftigrandnoot gesien?" vra vroulied.

"Uh, nee," sê hy, so 'n bietjie meer nuuskierig.

Sy gee hom weer so 'n stoute knip-oog en steek verleidelik haar hand by haar broekie in en trek 'n gefroamelde vyftigrandnoot uit.

"Nou sê my, het jy al ooit drie honderd duisend rand opgefroamel gesien?" sê sy.

"Nee," se hy, nou regtig opgewonde.

"Wel, gaan kyk maar in die garage..."

## LANG GEHEUES

Jannie, Manie en Koos stry wie kan die verste terug onthou.

**Jannie:** "Ek onthou nog my eerste verjaardag soos gister. Ons het 'n groot tjoklitkoek opgeëet daai dag."

**Manie:** "Aag, dis niks. Ek onthou nog my geboorte. Pa het gesê: 'Druk Ounooi, daar kom hy!'"

**Koos:** "Aag, dis niks. Ek onthou 'n pieknik, baie jare terug. Ma sê dit was die lekkerste pieknik in haar hele lewe. Ek onthou nie die hele pieknik so goed nie, maar wel dat ek het saam met Pa pieknik toe gegaan het en saam met Ma teruggekome het."

## DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker en Grant



## STORIES UIT DIE ABO



Deur Lappe Laubscher

# Die Boereoorlog uit 'n ander hoek

Ek luister een aand na die ghoeroe oor die Anglo-Boere-oorlog, prof. Fransjohan Pretorius.

Hy het vertel dat, so losweg bereken, daar aan die einde van die oorlog aan die Boerekant so een derde van die manne nog in die veld was. Nog een derde was krygsgevangenes en so 'n derde het voor die einde van die oorlog reeds die wapen neergelê.

Hy het beklemtoon dat dit sommer so rofweg die geval was en nou nie gereken moet word as presiese syfers tot in die fynste besonderheid nie. Niemand kan daarmee verskil nie.

Nou vertel 'n vriend wat somme en statistiek verstaan - ek hoop so, want hy is 'n aktuaris - dat 'n mens op dié basis kan reken dat min of meer die helfte van die Boere wat krygsgevangene geneem is, tot aan die einde in die veld sou bly.

Andersom, min of meer die helfte sou voor die einde van die oorlog begin vrede soek het.

Die prentjie lyk dan so: Van die Boere wat die oorlog begin het, het net die helfte tot die einde getrou gebly.

Breek 'n mens dié syfers verder op, kom daar 'n interessante prentjie na vore.

Die Boere wat oorgegee het, moet weer verder in twee groepe verdeel word. Die een groep is dié wat net opgehou veg het en huis toe is. Die bekendstes onder dié manne is genl. Hendrik Schoeman. Sy kleinseun sou later in die kabinet dien.

Dan was daar ook die klomp Vrystaters aan die oosgrens wat vroeg in die oorlog na Lesotho uitgewyk het. Onder dié se nageslag tel 'n latere staatspresident.

Onder dié wat ophou baklei het, is daar nog 'n groep. Dit was dié wat aktief aan die kant van die Engelse, teen hulle eie mense, tot die stryd toegetree het. Die bekendste onder die klomp was genl. Piet de Wet van die Vrystaat.

Die klomp wat tot die einde in die veld gebly het, kan ook in twee verdeel word. Die groot meerderheid het teen Mei 1902 gevoel die tyd vir vrede het aangebreek. Onder hulle was die bekendstes generaals Louis Botha, Jan Smuts, Koos de la Rey en Jaap van Deventer.

'n Groep, wat generaals C.R. de Wet, C.F. Beyers, Manie Maritz en Jan Kemp ingesluit het, het vrede gesien as 'n kans vir asemskep. Hulle wou, wanneer die geleentheid daar was, die oorlog hervat.

Hierdie manne sou die leierskorps van die 1914-rebellie uitmaak.

En dan het Langenhoven gevra dat ons tog asseblief die erwe van ons vadere vir ons kinders moet hou.

Hoe nou so, Neelsie?

## HOEKOM die Boere die oorlog verloor het - in 'n neutedop

Anders as die Engelse beroepsoldate, was die Boere hoofsaaklik landbouers wat min militêre dissipline geken of gerespekteer het.

Die Boere het 'n defensiewe oorlog geveg. Pleks van die hawens te beset en te voorkom dat voorrade, ammunisie en nog derduisende troepe die Kaap en Natal binnekom, het hulle stellings ingeneem en plekke soos Mafeking en Ladysmith beset en op die Engelse gewag.

Daar was geen strategie om die Natalse en die Westelike spoorlyn te beset en die Tommies se vervoerstelsel te kniehalter nie.

Die Boere is met ossewaens en hul gesinne oorlog toe, wat hul beweeglikheid - hul grootste bate - tot diep in die oorlog erg aan bande gelê het.

Anders as vir die Tommies, was daar geen strategiese bevoorrading vir die Boere nie. Dit het hulle ook ontbreek aan 'n stelsel om gevange Tommies aan te hou, en gevange soldate is vroeg in die oorlog reeds net weer vrygelaat.



# Uit die wakies

Stories vir die vaak



## Koos se storie

Koos was 'n meubelhandelaar in Bokkefontein en besluit om op 'n inkopierit Frankryk toe te gaan.

Een aand sit hy in 'n sypaadjie-kafee en sien 'n meisie alleen by 'n tafeltjie.

Omdat hy nie Frans ken nie, teken hy 'n glas wyn op 'n servet en gee dit aan haar.

Sy het geknik, haar by hom kom aansluit en hy het 'n glas wyn vir haar bestel. Toe teken hy 'n prentjie van 'n maaltyd. Sy het geglimlag en geknik en hy het twee borde kos bestel.

Ná die maaltyd het sy hom 'n soet glimlag gegee, 'n servet geneem en 'n dubbelbed geteken en vir hom gewys.

"Dit was verstommend," het Koos agterna vertel.

"Sy het my pas ontmoet! Ek wonder hoe het sy geweet ek dryf handel in meubels?"



## Trourokke

'n Seuntjie vra sy ma hoekom trourokke wit is.

Die ma kyk hom aan en antwoord: "Dit toon aan jou vriende en familie dat jou bruid rein is."

Hy bedank sy ma en gaan kontroleer die antwoord met sy pa: "Hoekom is alle trourokke wit?"

Die pa kyk hom verbaas aan en antwoord: "Seun, alle huistoestelle is wit."

(Hy sal glo ná drie weke uit hoërsorg ontslaan word.)



## Pasop vir haar!

Die juffrou se opdrag aan die klas was dat hul ouers aan hulle 'n storie moet vertel wat met 'n morele les eindig.

Die volgende dag vertel hulle een na die ander hul stories.

Dit was die gewone goed: Melk wat gestort word, pennies wat gespaar word. Sy het Jannie geken, en daarom het hy heel laaste aan die beurt gekom.

"Juffrou, my pa my 'n storie oor my ma vertel. Sy was 'n lugmagvlieënier in Operasie Desert Storm en haar vliegtuig is raakgeskiet.

Sy het met haar valskerm oor vyandige gebied uitgespring. Sy het net 'n fles whiskey, 'n pistool en 'n mes gehad.

"Op pad af het sy die whiskey gedrink sodat die bottel nie sal breek nie. Sy land toe met haar valskerm in die middel van 20 Irakese troepe.

Sy het 15 van hulle doodgeskiet totdat haar patrone opgebraak het en nog vier met haar mes doodgesteek voordat die lem gebreek het.

"Die laaste een het sy met haar kaal hande vermoor."

"Hygend hert!" het die juffrou uitgeroep. "En wat het jou pa gesê is die morele les in hierdie aaklige storie?"

Jannie: "Die les is: Moenie met mammie sukkel as sy gesuip is nie!"



# Poskoets

## Kammanuus se lesers gesels

---

### Dankie vir Kammanuus

**Chris Holtzhausen, Newcastle:**

Ek wou al skryf, maar dit word mos maar uitgestel tot die volgende aand wat nie gaan gebeur nie. Ek wil net skryf en dankie sê vir die kammanuus blad wat ons van jou ontvang. Dis verseker n e-pos waarna daar uitgesien word en daar is altyd iets wat die lagspiere prikkel. Soms wonder ek wie gaan oorvat as jy eendag dit nie meer kan behartig nie, maar glo dis nog ver solank jy net die pynpille hier by ons los. Baie dankie nogmaals, ek is nie veel van n skrywer nie, maar kan lekker lees. **(Dankie, Chris, dis sulke briefies wat ons aan die lewe hou.)**

### Stamboom se hulp

**Ben en Ivy van Niekerk, Rustenburg:**

Ek en Ben) wil net baie dankie sê vir die goeie reaksie met ons soeke na die Botes stamboom. Ons was so verbaas om sommer vandag drie e-posse te kon ontvang! Dankie aan elkeen se bydrae – ek is seker ons gaan sukses hê met hierdie een!

**(Dis lekker om te hoor ons kon help, Ben.)**

---

# Só maak mens!

## Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur **RETHA KRUGER**

---

### Oorspronklike Esmé en Jan-resepte

**TEEKOEKIES** (Vrugtemuffins)

2 k meelblom	1½ t bakpoeier
½ t sout	2/3 k botter
1 k suiker	1 t vanielje
3 eiers	6 e melk

1 k gemengde koekvrugte (eers geweek en dan fyn gesny)

Roer die botter en suiker totdat dit romerig is. Klop die eiers een vir een by en klop deeglik. Roer die vanilla by en dan ook die vrugte. Voeg die res van die droë bestanddele by asook die melk soos dit ingemeng word. Bak in gesmeerde muffinpannetjie in 'n matige oond vir sowat 'n halfuur.

---

# STAMBOOM

## Help ons familiespeurders

**BEZUIDENHOUT** [Tempel@global.co.za](mailto:Tempel@global.co.za)

Addisioneel: My oupa, Frederik Rudolphus is op Fort Cox gebore. Hy was in die weermag en het met Susanna Johanna du Preez getrou, en op Berlin in die Oos Kaap gewoon. 12 kinders is uit die huwelik gebore. Enige inligting sal regtig waardeer word!

**ESTERHUIZEN** [wester@web4us.co.za](mailto:wester@web4us.co.za)**KOEKEMOER** [miemievr@gmail.com](mailto:miemievr@gmail.com)

Johannes Hendrik Koekemoer. Gebore 18 Feb. 1860, getroud met Hyla Jacoba Elizabeth de Beer. Hulle het 11 kinders gehad. Gebly in Vryburg-distrik op die plaas Groot Aar.

**SALES** [elzabe.smit@iway.na](mailto:elzabe.smit@iway.na)

Ek het 'n interessante storie gehoor oor my SALES-voorouers (daar is blykbaar baie van ons hier aan die suidpunt van Afrika). Weet iemand meer van die eerste en latere Sales voorsate?

**VAN BERGEN** [annies.bergen@gmail.com](mailto:annies.bergen@gmail.com)

Wie weet alles?

**VIVIERS** [esthe@esthemuller.co.za](mailto:esthe@esthemuller.co.za)

Op soek na my Viviers neefs en niggies. My pa is Nicolaas Jacobus Viviers. Ek is Esthe Muller van Vereeniging.

# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



"Ek stamp hom met voorbedagte rade met 'n lekker Mannetjies Roux tekkel so in die klein ribbetjies."

Deur  
MARNUS STEYN

**D**it is Juniemaand 1996. Maandagoggend vroeg, baie vroeg vir my. Half-sewe om presies te wees. More is dit 'n vakansiedag. Vroutjie en ek is sedert Saterdag hier op my seun, Henk, se plot.

Lekker om so 'n bietjie te kom ontspan, al is die plot net vyf-en-dertig kilometer van ons tuiste af en naby die gat in die grond waar onse voorvoorsate skerpioene en dassies geëet het en bygesê, waar die hiënas hulle gevreet het.

Vandag het ek 'n belangrike afspraak met 'n klant in Noordkloof, langs Lindens, Jaansberg. Ek sal moet wikkel om betyds te wees.

Die weervoorspelling het gese dit gaan bitter koud wees. Hulle was verkeerd, dit was bitter koud vyf maal verby. Alles is wit met die ryp. Die water in die honde se bak het drie maal verys gedurende die nag.

Ek was omtrent gedress vir hierdie koue wat die Kapenaars na ons toe gestuur het. Ja, ek was 'n Barbie Doll binne-in 'n verekusning. Geen manier hoe die koue my gaan bykom nie.

Nie lank nie en ek vat die pad met my Mizda. Die tjorrie het al n kwart miljoen kilo's op die klok. Jy sien net swart 'miz' agter die kar en ander karre moet vier dae ver agter my ry om die pad te kan sien.

Ek skakel die radio aan. Radio RSG speel lekker vrolike musiek en ek sing spontaan saam.

Die omroeper lees die weerberig en rig 'n spesiale boodskap aan verkoopsmanne op die pad.

Vir julle wat nie die pad ken in die geweste nie, 'n ou moet kophou om nie by die T-aansluiting verkeerd te ry nie. Gaan jy reguit by die Engenvulstasie, loop die pad verby die Sterkfontein-inrigting. As jy op pad is na Noordkloof en jy ry by die inrigting verby, weet jy jy het drooggemaak.

Ek ken darem my storie en draai betyds links in Hendrik Potgieter. Die pad loop teen so 'n effense bult uit vir sowat drie kilometer. Twee bane vir die bult-uit voertuie. Ek sit redelik opgepof in die sitplek. 'n Dik jas omvou al die ander warmmaakklere onder dit. Lekker leerhandskoene verhoed dat ek nie van my vingers gaan verloor met die ysige stuurwiel nie. n Balaklawamus is oor my kop getrek en ek lyk nes 'n muntoutomaatrower.

Ek geniet die musiek. Dis 'n pragtige dag. Die son begin kop uitsteek. Dit is effens ongemaklik so met die bult-op ryery. Ek stoot die Mizda so 'n bietjie harder. Ek wil nie laat vir my afspraak wees nie. Ek sing lekker "Daar kom die Alabama saam met die radio.

Die tjorrie los sy swart wolkspoor agter, die bult af. Die kar kon al 'n keer of wat om die wêreld gewees het. Tog snaaks dat ek nie kan onthou dat ek in Asië, Suid-Amerika of Europa was met my Mizda nie.

Skielik dans daar 'n ander rower in die pad. Al swaaiende met sy arms wuif hy vir my om van die pad af te trek. Die ou het ook 'n dik jas om die lyf, 'n pet op die kop om die ryp weg te hou en het hy leerstewels aan. Hy kyk bo-oor sy dik donkerbril se raam na my.

Dis die "Nuwe Era" in ons land. Andersoortige spietkops met andersoortige werkswyses en beginsels.

Ek dink vinnig. Haal my geldsak met al my dokumente vinnig uit my binnesak van my baadjie. Haal 'n twintigrandnoot uit en sit dit in 'n jassak. Die beursie



steek ek onder die sitplek in.

Meneer Spietkop klop aan my venster. Ek trek my handskoene uit, trek die mus af voordat die ou my met sy 9mm bykom en ek draai die venster af.

"Morning, of is dit goeie môre?" sê hy.

"Môre Ntate, of is dit abba?" vra ek. Die ou is nogal nie te onvriendelik nie.

"I is officer Lucky Mpambo", stel hy homself voor.

"Ek is Marnus Steyn."

"Oh, jy es die maJuta?" wil hy weet.

"Nee, maJutas hulle ry die nuwe karre."

"Meneer, jy het baie vinnig gery, Die speedlimit hy is eighty, en jy het nearly hundred en twenty gery."

"Not possible. Hierdie Mizda hy kan nie vinniger as hundred and ten ry nie", sê ek. "Officer, kan ek my reading kom check by die camera?"

"Yes, jy kan hom maar kom check."

Die skouer van die pad is nie baie wyd nie, en dan val die skouer skuins na onder na 'n grondpad wat die plotte in die omgewing bedien. Die val skat ek is 'n bietjie meer as 'n meter onder die teerpad.

My brein werk teen topspoed. Ek sien die kamera wat op 'n driepoot is en staan gemaak is teen die skuinste. 'n Meter van die kamera af is sy opslaan kampstoeltjie met sy boeteboek op die sitplek. Sy pen lê bo-op die boek.

Meneer Spietkop loop voor my. Toe hy effens teen die wal af is, gly ek opsetlik, en half van balans af, agter hom aan. Ek stamp hom met voorbedagte rade met 'n lekker Mannetjies Roux tekkel so in die klein ribbetjies. Daar trek ons grondwaarts. In die geharwar skop ek na die driepoot met die kamera op. Die driepoot trek stadig in dieselfde rigting as ons.

Spietkop slaan vollyf, op sy maag, neer op die grondpad dat jy net stof sien. Ek land bo-op hom. Nie 'n stoffie aan my jas nie. Die driepoot val gelukkig op meneer Spietkop se een uitgestrekte arm. Geen skade êrens nie, som ek die situasie op.

Ek staan met spuitspoed op om my vernuftige plan te vervolmaak.

Spietkop Mpambo kom stadig op sy knieë, dan boude omhoog en toe druk hy op sy handpalms met uitgestrekte arms om regop te kom. Hy draai effens om. Sy pet se punt versteek sy oë en neus, sy donkerbril hang net met een armpie aan 'n oor. Een lens onder die pet en die ander op sy mond. Dit is wat 'n mens 'n spektakel noem.

Ek het net twee treë nodig en gaps Spietkop se pen bo-op die boeteboek. Die pen druk ek blitsig in 'n sak van my jas. Ewe jintelmanrig help ek meneer Spietkop om behoorlik op sy voete te kom. Hy sou n goeie stut in n rugbyspan kon wees met sy lyf. Ek help hom om sy jas af te stof.

"Sorry, officer, but I slipped on a stone but fortunately the camera is OK. Is jy orraait Officer?', vra ek.

"Yes, I are OK."

Dinge keer na normaal terug. Hy sit die driepoot stewig neer en wys vir my die spoedlesing.

"Meneer, ek moet jou die fine gee."

Hy stap na sy stoel en neem die boeteboek. Skielik kyk hy rond asof daar 'n bom gaan ontplof. Hy kyk onder die stoel. Sy oë skandeer die boek, twee meter rondom die stoel word gefynkam.

"Is daar 'n probleem?" vra ek.

"My pen he is missing!"

"Officer," sê ek, "ons het nie die stoel omgeskop nie."

"Because why, the pen is not here?"

"Officer, is jy seker die pen was op die stoel? Ek het nie 'n pen gesien nie." Die spietkop kan nie verstaan wat het van sy pen geword nie.

"Sir, you would not have a pen on you or in your car?"

Ek skud my kop stadig heen en weer.

"Meneer, jy weet ons het nou die groot problem. As ek die ander pen by die office order, dit gaan baie lank vat. Maar ek het hom die suggestion. So in die spirit van Christmas, maybe jy kan my so bietjana met iets vula."

"Officer", sê ek, "ek het net die twenty rand. Jy weet ek voel baie sleg dat ek jou gestamp het." Twintig rand was nogal 'n redelike klomp geld destyds.

"Sir, please take this, dit sal pataal vir die dry-cleaning van jou coat." Ten minste

minste het ek hom nie omgekoop nie. Ek gee hom die noot wat ek in my jassak gebere het.

"Thank you, it will help me and I will help you, because why ek gaan die reading cancel."

Ek skud sy blad en loop na die Mizda. Voor ek inklim haal ek die pen uit my jas se sak en gooi dit onder die kar op die pad.

Met al die aksie agter die rug en weer met die nodige warm goed aan die lyf trek ek weg.

Die radio word aangeskakel. Ek kan my ore nie glo nie.

"Another one bites the dust!" speel RSG.

Ek was net laat vir my bestelling . . .

**KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 22 JULIE.**